RACER CS

Reg No L 3904 Act / Wet No 36 / 1947

A capsule suspension pre-emergence residual herbicide for the control of various weeds as listed in potatoes, carrots, sunflowers and deciduous fruit.	'n Kapsulesuspensie vooropkoms residuele onkruidoder vir die beheer van verskeie eenjarige onkruide soos aangedui in aartappels, wortels, sonneblom en sagtevrugte.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	F1	HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

flurochloridone 200 g / ℓ flurochloridoon

NETT VOLUME / NETTO VOLUME

……..

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER
Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd
Co. Reg. No 1992/001741/07
21 Viben Street
Brackenfell
7560
Tel (021) 982 1460

Batch number Lotnommer

Date of manufacture Datum van vervaardiging

RACER CS is the registered trademark of Makhteshim-Agan
RACER CS is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan



WARNINGS

- Poisonous if swallowed and harmful if inhaled
- Avoid contact with skin and eyes as product is irritant
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals
- **Flammable**: Keep away from heat and open flames
- Store away from food, feed and other chemicals

- **In case of poisoning summon a physician and show this label to him**

- General warning

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not guarantee that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not eat, drink or smoke whilst handling this product.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils
- Wear rubber gloves and face shield when handling the concentrate. If you get it in your eyes, flush it out at once. If you get it on you skin, wash it off at once. If you spill it on your clothes, change and wash them.
- Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container.
- While spraying, avoid contact with the spray as much as you can. Avoid spray drift onto other crops, grazing rivers or dams.
- Clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams. Destroy empty container and do not use for any other purpose. Change and wash your work clothes. Wash yourself.

Symptoms of human poisoning:

Excessive sweating, fever and excitation. Is moderately irritating to the eyes and skin.

First aid and medical treatment:

Eye contamination:	Wash out with a steady flow of running water for 10 – 15 minutes with the eyelid held wide open.
Ingestion:	Wash out mouth with plenty of water. Get medical attention
Note to physician:	There is no specific antidote. Treat symptomatically and give supportive therapy.

RESISTANCE WARNING:

For resistance management **RACER CS** is a group code F1 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **RACER CS** and other group code F1 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds might not be controlled by **RACER CS** or other group code O herbicides.
To delay the development of herbicide resistance the following should be done:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with products from different herbicide codes.
- Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into weed control programs.

For specific information contact the local distributor agent or the registration holder.

USE RESTRICTIONS

- Do not spray **RACER CS** directly adjacent to leafy crops, especially vines and fruit trees or brassica species. **RACER CS** vapours or drift may damage such crops.
- Follow-up crops: Do not plant tomatoes, tobacco, cruciferous crops or cucurbits within 12 months of a **RACER CS** application. If more than 1,25 ℓ / ha of **RACER CS** had been applied then these crops may only be planted 18 months after application. Do not plant any crop within 6 months of a **RACER CS** application, except those on which **RACER CS** is registered. Do not sow any seedbeds within 18 months after a **RACER CS** application. Soil must be deeply ploughed and cultivated before follow-up crop is planted. In the event of uncertainty, contact your supplier.
- Do not use **RACER CS** for more than 3 years in succession on deciduous fruit.
- Under cropping conditions, do not apply **RACER CS** more than once per year to the same land and then only at the recommended rate.
- Spraying equipment used for applying **RACER CS** may not be used for foliar spraying.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as directed

- Apply as a pre-emergence spray to both crop and weeds. Apply immediately or as soon as possible after planting of the crop.
- It is important to ensure that the seedbed is free from any existing weed growth as well as in a state of fine tilth prior to application.
- Continual rain of at least 15 mm is required to activate and leach the chemical into the soil before weed seeds germinate.
- It would be preferable to use **RACER CS** during times when the regular occurrence of rain is expected as the performance of the chemical is enhanced by soil moisture content.
- Compatibility: Although no known cases of incompatibility with other agricultural chemicals have been noted with **RACER CS** it is advisable to pre-mix small quantities of the chemicals in water in a container to ascertain compatibility prior to mixing in spray tank.
- Use only clean water in spray tank.
- Always ensure that spray equipment is clean, free of all sediments etc. and correctly calibrated before spraying.
- Spraying equipment: Apply with a tractor boom sprayer fitted with wide angle flat fan nozzles (e.g spraying systems 11004). Apply with low pressure (200 kPa) in 200 – 400 ℓ water / ha. Adjust boom as low as possible to allow adequate overlapping of the spray pattern.
- Wind: Do not apply **RACER CS** when the wind speed exceeds 6 km / h (± 1,7 m / sec).
- NOTE: Wash spray tank / equipment immediately after use with **RACER CS** by thoroughly rinsing at least 3 times with clean water. Do not let **RACER CS** stand in spray tank.

APPLICATION RATES

CROP	SOIL CLAY %	DOSAGE ℓ / ha	REMARKS
POTATOES	0 – 9 10 – 19 20 – 29 30 and above	 2,5 3,2 3,8	Not recommended 1. Use only good quality seed ensuring adequate planting depth (12 – 15 cm) in a well prepared (fine) and properly fertilized seedbed. 2. It is desirable to spray **RACER CS** after ridging, but definitely before crop emergence. In the event of ridging taking place after spraying of **RACER CS** some loss in activity may result due to untreated soil being uncovered in the process. 3. Some temporary bleaching of the crop may occur under conditions of excessive rainfall following a **RACER CS** application, especially on lighter soils. This will however not affect the yield. 4. If crop is grown under dry land conditions it is advisable to use **RACER CS** in combination with a suitable grass herbicide.
NOTE: **Potatoes** If annual grasses and broadleaf weeds are a problem, then **RACER CS** may be used in combination with ACETOCHLOR 750 g / ℓ in a tank-mix as follows:			

CROP	SOIL CLAY %	DOSAGE ℓ / ha RACER + ACETOCHLOR 750 g / ℓ		REMARKS
POTATOES	0 – 10 11 – 20 21 – 30 30 and higher	0,5 1,0 1,2 1,5	0,9 1,8 2,3 2,7	1. Strictly adhere to all label recommendations that appear on the ACETOCHLOR 750 g / ℓ label. 2. Apply the combination of **RACER** + ACETOCHLOR 750 g / ℓ after planting as prescribed under “remarks” under A: POTATOES. 3. Mixing: Add measured amount of ACETOCHLOR 750 g / ℓ to half fill spray tank and agitate, followed by the measured amount of **RACER CS**. Fill the spray tank whilst agitating. Do not mix products as concentrates. 4. The control of spiny Emex (*Emex australis*) and *Polygonum* species may not be acceptable with this combination.

CARROTS	0 – 19 20 – 29 30 and above	2,5 3,2 3,8	1. Apply immediately or as soon as possible after sowing. 2. A light irrigation of at least 15 mm must be applied shortly after application. 3. See "Use restrictions: for follow-up crops.

CROP	SOIL CLAY %	DOSAGE ℓ / ha	REMARKS
SUNFLOWERS	0 – 10 11 – 20 21 – 30 > 30	- 2,5 ℓ 3,2 ℓ 3,8 ℓ	Not recommended 1. Apply immediately or as soon as possible after planting before crop germination 2. Do not use RACER 200 CS in seed, birdseed or confectionary type sunflower 3. Do not use RACER 200 CS on sunflowers which have been planted in very shallow soil
NOTE: If annual grasses and broadleaf weeds are a problem then RACER 200 CS may be used in combination with ALANEX 384 EC or ALANEX 480 CS in a tank mix as follows:			

SOIL CLAY %	DOSAGE ℓ / ha			REMARKS
	RACER 200 CS	ALANEX 384 EC	ALANEX 480 CS	
5 – 20 % > 20 % Please refer to note below	1,0 ℓ 1,3 ℓ	2,0 ℓ 3,0 ℓ	1,6 ℓ 2,4 ℓ	1. Strictly adhere to all label recommendations that appear on the ALANEX 384 EC or ALANEX 480 CS labels 2. Apply the combination of RACER 200 CS plus the ALANEX formulations after planting as is described under REMARKS above 3. If ALANEX 384 EC is used it should be added to the half filled spray tank first before the RACER 200 CS is added 4. The control of spiny Emex (*Exex australis*) and *Polygonum spp* may not be acceptable with this combination.

IMPORTANT: Do not use on soils which are subject to wind erosion

DECIDUOUS FRUIT (All ages)

SOIL CLAY %	DOSAGE ℓ / ha	REMARKS
All soil types	5,0 – 6,3	1. For use as a late winter application in orchards of all ages. For the pre-emergence control of annual summer weeds (apples, pears, table peaches, canning peaches, plums and nectarines). 2. Apply the higher dosage rate where improved residual control of crab finger-grass (*Digitaria sanguinalis)* is required. 3. Apply as a high volume directed spray using wide angle flat fan nozzles calibrated to apply a minimum of 350 ℓ water / ha. **(Do not spray over the crop)** 4. Apply **RACER CS** as a late winter pre-emergence application. For optimum results **RACER CS** must be sprayed onto bare ground. If weeds are present these should be hand weeded or scorched off with a contact herbicide. (**RACER CS** can be mixed with PARAQUAT) 5. Apply **RACER CS** 4 weeks before bud swell. **RACER CS** must not under any circumstances be sprayed later than 4 weeks before bud swell. 6. Do no disturb the soil surface after the application of **RACER CS**. **NOTE:** Use a separate sprayer for the application of **RACER CS**. Spray tanks and equipment that have been used for **RACER CS** applications must NOT be used for foliar application in orchards.

LIST OF WEEDS CONTROLLED:

Annual broadleaf weeds:

Amaranthus deflexus	Pernenial pigweed
Amaranthus spinosus	Thorny pigweed
Arctotheca calendula	Cape marigold
Bilderdykia convolvulus	Climbing knotweed
Chenopodium album	White goosefoot
Chenopodium murale	Nettle-leaved goosefoot
Cirsium vulgare	Spear thistle
* *Conyza sumatrensis*	Tall Fleabane
Emex australis	Spiny emex
Fumaria muralis	Fumitory
Galingsoga parviflora	Gallant soldier
Lepidium africanum	Pepper cress
Nicandra physaloides	Apple of Peru
Oenothera stricta	Evening primrose
Plantago lanceolata	Narrow-leaved ribwort
Polycarpon tetraphyllum	Four-leaved allseed
Polygonum aviculare	Prostrate knotweed
Portulaca oleracea	Purslane
Raphanus raphistrum	Wild radish
Solanum nigrum	Nightshade
Sonchus oleraceus	Sowthistle
Spergula arvensis	Corn spurry
* *Tribulus terrestris*	Dubbeltjie
Urtica dioica	Stinging nettle
Veronica persica	Field speedwell
Vicia sativa	Broadleaved purple vetch

Annual grasses:

* *Digitaria sanguinalis*	Crab finger-grass
Lolium temulentum	Darnel
Poa annua	Winter grass

* Only at 5,0 – 6,25 ℓ / ha (orchards only)

WAARSKUWINGS:

- Giftig indien ingeneem en skadelik indien ingeasem.
- Voorkom kontak met vel en oë, aangesien produk irriterend is.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Vlambaar**: Hou weg van hitte en oop vlamme
- Berg weg van voedsel, voer en ander chemikalieë.

- **In geval van vergiftiging ontbied 'n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom**

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid van toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREëLS:

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei
- Dra oogbeskerming (gesigskerm). Indien RACER CS in u oë kom, spoel dit onmiddellik uit.
- Dra rubberhandskoene. Indien dit op u vel kom, was dit dadelik af.
- Indien dit op u klere mors, trek uit en was dit.
- Keer die leë houer om oor die spuit – of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik tydens bespuiting.
- Vermy die oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak spuitapparaat deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie voedsel, voer, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Vernietig leë houer en moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie.
- Trek werksklere uit en was dit.
- Was uself.

Simptome van menslike vergiftiging:

Oormatige sweet, koors en eksitasie. Is matig irriterend vir die oë en vel.

Noodhulp en mediese behandeling:

Oogbesoedeling:	Hou ooglede oop en spoel oë vir 10 – 15 minute uit met ‘n lopende stroom water
Inname:	Was mond met groot hoeveelhede water uit en neem persoon na ‘n mediese praktisyn
Mediese behandeling:	Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptomaties en gee ondersteunende terapie.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

Vir die bestuur van weerstand word **RACER CS** as ‘n groepkode F1 onkruiddoder geklassifiseer. Enige onkruidpopulasie mag individue hê wat natuurlike weerstand teen **RACER CS** en ander groepkode F1 onkruiddoders besit. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik hierdie populasie domineer as hierdie onkruiddoders herhaaldelik gebruik word. Om onkruidweerstand te vertraag kan die volgende gedoen word:

- Vermy die herhaaldelike eksklusiewe gebruik van onkruiddoders met dieselfde onkruiddodergroepkodes. Wissel af of gebruik tenkmengsels met produkte van ander onkruigroepkodes.
- Integreer beheermetodes (chemise, verbouing en biologies) in onkruidbeheer programme.

Vir spesifieke inligting skakel met die locale verspreider se agent of die registrasiehouer.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

- **RACER CS** moet nie direk langs blaarryke gewasse en veral wingerde, vrugtebome of koolgewasse gespuit word nie aangesien **RACER CS** dampe of spuitnewel sulke gewasse kan beskadig.
- Opvolggewasse: Moet nie tamaties, tabak, koolgewasse of pampoengewasse binne 12 maande na **RACER CS** bespuiting plant nie. Indien meer as 1,25 ℓ / ha **RACER CS** toegedien is, mag daar eers na 18 maande met hierdie gewasse opgevolg word.
  Moet onder geen omstandighede gewasse binne 6 maande na **RACER CS** toediening plant nie, behalwe die waarop **RACER CS** geregistreer is.
  Saadbeddings mag onder geen omstandighede binne 18 maande na ‘n **RACER CS** toediening gesaai word nie.
  Grond moet eers diep geploeg en verder bewerk word voordat opvolggewasse geplant word.
  In die geval van enige onsekerheid, kontak u verskaffer.
- Moet nie **RACER CS** vir meer as 3 jaar agtereenvolgens op sagtevrugte toedien nie.
- Onder toestande van gewasverbouing mag **RACER CS** nie meer as een keer per jaar op dieselfde land toegedien word nie en dan slegs teen die aanbevole toedieningshoeveelheid.
- Spuitapparaat waarmee **RACER CS** toegedien is, mag nie vir blaarbespuiting gebruik word nie.

GEBRUIKSAAWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

- Dien toe as ‘n vooropkombespuiting t.o.v beide die gewas en onkruid. Dien onmiddellik, of so gou moontlik na plant van die gewas toe.

- Dit is belangrik om te verseker dat die saadbed tydens bespuiting fyn en vry van alle bestaande onkruidgroei is.
- Aanhoudende reën van ten minste 15 mm is nodig om die onkruiddoder te aktiveer en terselfdertyd in die grond in te loog voordat onkruidsade ontkiem.
- Dit is wenslik om **RACER CS** te gebruik gedurende tye wanneer gereelde reën verwag word, aangesien die werking van die middel bevorder word deur hoë grondvogstatus.
- Mengbaarheid: Alhoewel geen gevalle van onverenigbaarheid met ander middels bekend is nie, word sterk aanbeveel dat klein hoeveelhede van die middels eers vooraf in water gemeng word ten einde ooglopende verenigbaarheid te verseker.
- Gebruik slegs skoon water vir spuitmengsel.
- Versker dat spuitapparaat altyd skoon en vry van alle afsaksels ens. is en korrek gekalibreer is voordat **RACER CS** toegedien word.
- Spuitapparaat: Dien toe met trekkergemonteerde balkspuite, of ander geskikte apparaat, voorsien van wyehoek platwaaierspuitpunte (bv. "Spraying Systems" 11004-spuitpunte). Dien toe teen lae druk (200 kPa) in 200 – 400 ℓ water / ha. Stel spuitbalk so laag as moontlik vir voldoende oorvleulling van spuitpatroon.
- Wind: **RACER CS** mag onder geen omstandighede toegedien word onder toestande waar die windsnelheid 6 km / h (± 1,7 m / sek) oorskry nie.
- **LET WEL**: Was spuitapparaat deeglik deur dit onmiddellik na gebruik van **RACER CS** ten minste 3 keer met skoon water te was. Moet onder geen omstandighede **RACER CS** oornag of langer in spuittenk laat oorstaan nie.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS	GROND KLEI %	DOSIS ℓ / ha	OPMERKINGS
AARTAPPELS	0 – 9	-	Nie aanbeveel nie.
	10 – 19	2,5	1. Plant slegs moere van goeie gehalte en verseker voldoende plantdiepte (12 – 15 cm) en 'n goed voorbereide (fyn) saadbed wat deeglik bemes is.
	20 – 29	3,2	2. **RACER CS** moet verkieslik na operd gespuit word maar beslis voordat die gewas opgekom het. In gevalle waar opgeërd word nadat **RACER CS** gespuit is mag daar verlies van beheer deur **RACER CS** voorkom aangesien onbehandelde grond tydens hierdie proses blootgestel mag word.
	30 en hoër	3,8	3. Sommige plante mag 'n tydelike vergeling / verbleiking ondergaan tydens of kort na die voorkoms van oormatige reën waar met **RACER CS** gespuit was, veral op ligter gronde – dit sal egter nie die oes benadeeel nie. 4. Indien die gewas onder droëlandtoestande verbou word, word aanbeveel dat **RACER CS** in kombinasie met 'n geskikte grasdoder gebruik word.

NOTA:
Aartappels
Indien eenjarige grasse en breëblaaronkruide beheer wil word, kan RACER CS in kombinasie met ACETOCHLOR 750 g / ℓ soos volg in ‘n tenkmengsel gebruik word:

GEWAS	GROND KLEI %	DOSIS ℓ / ha RACER + ACETOCHLOR 750 g / ℓ		OPMERKINGS
AARTAPPELS	0 – 10	0,5	0,9	1. Volg alle voorskrifte stiptelik soos op die ACETOCHLOR 750 g / ℓ etiket verskyn.
	11 – 20	01,0	1,8	2. Dien die mengsel **RACER CS** / ACETOCHLOR na plant toe soos voorgeskryf onder “opmerkings” onder AARTAPPELS.
	21 – 30	1,3	2,3	3. Mengvoorskrifte: Voeg die verlangde hoeveelheid ACETOCHLOR by ‘n halfvol spuittenk terwyl geroer word. Voeg dan die verlangde hoeveelheid **RACER CS** by en vul die spuittenk terwyl geroer word. Moet nie die produkte as konsentrate met mekaar vermeng nie.
	30 en hoër	1,5	2,7	4. Die beheer van Emex-dubbeltjie (*Emex australis*) en *Polygonum* spesies mag onbevredigend wees met hierdie kombinasie.

GEWAS	GROND KLEI %	DOSIS ℓ / ha RACER + ACETOCHLOR 750 g / ℓ	OPMERKINGS
GEELWORTELS	0 – 19	2,5	1. Dien onmiddellik of so gou as moontlik na saai toe.
	20 – 29	3,2	2. ‘n Ligte besproeiing van minstens 15 mm moet net na bespuiting toegedien word.
	30 en hoër	3,8	3. Sien “gebruiksbeperkings” vir opvolggewasse.

GEWAS	GROND KLEI %	DOSIS ℓ / ha	OPMERKINGS
SONNEBLOM	0 – 10 % 11 – 20 % 21 – 30 > 30	- 2,5 ℓ 3,2 ℓ 3,8 ℓ	Nie aanbeveel 1. Dien onmiddelik of so gou moontlik voor ontkieming na plant toe 2. Moet nie op saad-voëlsaad en bankettipe Sonneblom gebruik nie. 3. RACER 200 CS moet nie gebruik word op sonneblom wat op baie vlak grond geplant word nie.
NOTA: Indien eenjarige grasse ne breëblaaronkruide beheer wil word kan RACER 200 CS in kombinasie met ALANEX 484 EC of ALANEX 480 CS as volg gebruik word:			

GROND KLEI %	DOSIS ℓ / ha			OPMERKINGS
	RACER 200 CS	ALANEX 384 EC	ALANEX 480 CS	
5 – 20 % > 20 % Sien asseblief waarskuwing hier onder	1,0 ℓ 1,3 ℓ	2,0 ℓ 3,0 ℓ	1,6 ℓ 2,4 ℓ	1. Hou streng by die aanbevelings wat op die ALANEX 384 EC en ALANEX 480 CS etikette verskyn. 2. Dien die kombinasie van RACER 200 CS plus ALANEX formulasies na plant toe soos hier bo onder OPMERKINGS beskryf word. 3. Indien ALANEX 384 EC gebruik word moet dit eerste in die halfgevulde spuittenk gevoeg word voor die die RACER 200 CS bygevoeg word 4. Die beheer van Kaapse dubbeltjie (*Emex australis*) en *Polygonus spp* mag nie na wense wees nie met hierdie kombinasie nie.

BELANGRIK: Moet nie op gronde gebruik wat geneig is tot winderosie (waaisand)

SAGTE VRUGTE (Alle ouderdomme)

GROND KLEI %	DOSIS ℓ / ha	OPMERKINGS
Alle grondtipes	5,0 – 6,3	1. Vir gebruik as ‘n laat winter toediening in boorde van alle ouderdomme vir die vooropkomsbeheer van eenjarige someronkruide (appels, pere, tafel- en inmaakperskes, pruime en nektariens) 2. Gebruik die hoër dosis waar verbeterde residuele beheer van kruisvingergras (*Digitaria sanguinalis*) verlang word. 3. Dien toe as ‘n hoëvolume gerigte bespuiting met wyehoekplatwaaiertipe spuitkoppe wat gekalibreer is om minstens 350 ℓ water / ha te lewer. **(Moet nie bo-oor die gewas spuit nie)** 4. Dien **RACER CS** toe as ‘n laat winter vooropkomtoediening. Vir optimale resultate moet **RACER CS** op skoon grond toegedien word. Waar onkruide alreeds teenwoordig is, moet hulle geskoffel word of met ‘n kontakonkruiddoder doodgespuit word. (**RACER CS** kan met **PARAKWAT** gemeng word.) 5. Dien **RACER CS** 4 weke voor ogieswel toe. **RACER CS** mag onder geen omstandighede later as 4 weke voor ogieswel toegedien word nie. 6. Moet nie die grond versteur na toediening van **RACER CS** nie. LET WEL: Gebruik ‘n aparte spuit vir **RACER CS** toediening. Spuitapparaat wat vir **RACER CS** bespuiting gebruik was mag NOOIT vir blaarbespuitings van boorde gebruik word nie.

LYS VAN ONKRUIDE WAT BEHEER WORD:

Eenjarige breëblaaronkruide:

Amaranthus deflexus	Meerjarige misbredie
Amaranthus spinosus	Doringmisbredie
Arctotheca calendula	Soetgousblom
Bilderdykia convolvulus	Slingerduisendknoop
Chenopodium album	Withondebossie
Chenopodium murale	Muurhondebossie
Cirsium vulgare	Speerdissel
Conyza sumatrensis	Vaalskraalhans
Emex australis	Kaapse dubbeltjie
Fumaria muralis	Duiwekerwel
Galingsoga parviflora	Knopkruid
Lepidium africanum	Peperbossie
Nicandra physaloides	Basterappelliefie
Oenthera stricta	Nagblom
Plantago lanceolata	Smalweeblaar
Polycarpon tetraphyllum	Naaldvrug
Polygonum aviculare	Voëlduisendknoop
Portulaca oleracea	Porslein
Raphanus raphanistrum	Ramenas

Solanum nigrum	Natergal
Sonchus oleraceus	Sydissel
Spergula arvensis	Sporrie
**Tribulus terrestris*	Dubbeltjie
Urtica dioica	Brandnetel
Veronica persica	Akkerereprys
Vicia sativa	Breëblaarperswieke

Eenjarige grasse:

* *Digitaria sanguinalis*	Kruisvingergras
Lolium temulentum	Drabok
Poa annua	Wintergras

* Slegs teen 5 – 6,25 ℓ / ha. (SLEGS VRUGTEBOORDE)